

DIE MAN VAN FLORISBAD

Dit was in Februarie vanjaar presies 40 jaar gelede dat die beroemde Florisbadskedel ontdek is.

Die warmwaterbron te Florisbad, sowat 38 km. ten noorde van Bloemfontein, is reeds in 1835 deur die Voortrekker Hendrik Venter ontdek. Vanweë hul geloof in die genesende krag van die minerale waters het mense spoedig van heinde en verre daarheen gekom om in die helende waters te baai. Na die dood van Hendrik Venter het sy seun Floris 'n bad oor die oog gebou en heel gou bekendheid verwerf deur die verligting wat aan rumatieklyers en ander siekes besorg is deur sy modderpappe.

Weens die toeloop van krankes en vakansiegangers, besluit Floris Venter in 1912 om die bad te vergroot. Op 9 September van daardie jaar word 'n ondergrondse ramming en ligte aardskokke na die suide waargeneem en bars daar 'n fontein water uit in die uitgrawings vir die nuwe bad. Nadat die aanvanklike spuitaksie bedaar het, neem die vloei van die minerale water uit die oog toe van sowat 4 500 liter (1 000 gelling) tot 3 600 000 liter (800 000 gelling) per uur. Die temperatuur van die water is 29°C (84°F).

Die uitborrelende watermassa bring ook duiende fossiele en klipwerktuie na die oppervlakte. Deur die wakker optrede van mev. Martha Venter word voorkom dat al hierdie voorwerpe deur besoekers weggedra word en bou sy 'n belangrike wetenskaplike versameling op. Na haar dood is dit aan die Nasionale Museum geskenk.

Vooraanstaande wetenskaplikes soos dr. Robert Broom en Prof. van Riet-Lowe het onder meer van hierdie voorwerpe beskryf.



Reconstruction of the Florisbad man with a rounded "throwing stone" in his right hand.

Op grond van hierdie vondste onderneem Prof. T. F. Dreyer van die Vrystaatse Universiteit 'n reeks uitgrawings te Florisbad. Hy maak 'n besonder belangwekkende ontdekking toe hy in 1932 benewens baie gefossiliseerde bene van wilde diere, 'n menslike skedel uit die onderste peetlaag uithaal.

Die skedel van die Florisbadman is volgens die Koolstof 14 metode van datering minstens 44 000 jaar oud en volgens datering van fossiele stuifmeel uit dieselfde laag, ouer as 48 000 jaar.


In noue verband met die skedel is ook van die rowwe onafgewerkte klipwerktuie van hierdie primitiewe mens gevind. Sommige van die klipbyle en kappers, wat tot die Middelsteentydperk behoort, is so groot dat dit met albei hande gehanteer moes word. Van die kleiner kappers kon net soos die afgewerkte ronde klippe wat daar gevind is, moontlik as gooi-klippe gebruik gewees het. 'n Gedeelte van 'n houtwerktuig, wat waarskynlik deur die chemiese stowwe in die water gepreserveer is, is ook in die uitgrawings gevind. Die „handvat” van hierdie houtimplement is deur die primitiewe mens grof gemaak ten einde 'n vaste greep te verseker.

Die vorm van die Florisbadskedel is uniek in dié sin dat die (frontale en parietale) knoppe wat die lyn van die voorkop en die volheid van skedel hoog bokant die ore bepaal, heeltmaal ontbreek. Hierdie besondere eienskap laat mens dink dat dié skedel selfs primitiewer is as dié van die aapmens van Jawa. In ander opsigte stem hierdie skedel weer baie ooreen met dié van die moderne Boesman, byvoorbeeld die vierkantige oogkaste en die afwesigheid van die wenkbrouif. Beide het ook goed ontwikkelde





A reconstruction of the famous Florisbad skull made by its discoverer the late Prof. T. F. Dreyer. The dark areas on this reconstruction represent the parts of the original skull excavated by him at the Florisbad hot springs in February 1932.



The late Prof. T. F. Dreyer photographed in the excavations at Florisbad.

oogtandholtes, eenderse (mikrodonte) tande en plat neuse met klein openinge. Van al die skedels van die prehistoriese mense wat in ons land gevind is, toon die van die Proto-Boesman, wat in die Matjiesriviergrot by Plettenbergbaai gevind is, die meeste ooreenstemmende eienskappe met die Florisbadman. Om hierdie rede beskou sommige antropoloë vandag die Florisbadman as die voorouer van die moderne Boesman. Afgietsels van die skedel van die Florisbadman is in verskeie oorsese museums uitgestal en dit beklee 'n ereplek in die „Hall of Man” van die American Museum of Natural History in New York.

In hierdie dioramiese uitstalling in die A.C. Hoffmansaal vir Argeologie word 'n jagtooneel uitgebeeld wat minstens 48 000 jare gelede kon plaasvind het in die moerasse by die Florisbad-warmwaterbron. Drie Florisbadmanne is besig om 'n reusebuffel (nou lank reeds uitgesterf) wat in 'n moddergat vasgeval het, met beskikbare „wapens” soos stokke en klippe aan te val.

This dioramic display in the A. C. Hoffman Hall of Archaeology depicts a hunting scene which could have taken place in the marshes at the Florisbad hot spring some 48 000 or more years ago. Three Florisbad men are attacking a giant (now long extinct) buffalo trapped in mudhole with available “weapons” such as sticks and stones.

Dr. Reiner Protsch of the University of California, Los Angeles, recently visited the National Museum in order to study the human and animal fossils from Florisbad, as well as the collections of material from the Matjes River Shelter near Plettenberg Bay. Samples of this material will be used by him for more accurate dating by the system of isoleucine dating which relies on the retentiveness of amino-acids in bone structure.

(Photograph: The Friend)

